

Woensdag 19 April

Skrifgedeelte: 2 Timoteus 3:10-17

Fokusgedeelte: 2 Timoteus 3:17 (1983-vertaling)

Woord en Gees én Gees en Woord

Die jongman Timoteus loop sy pad deur straat en steeg van die aardse lewe en wêreld. Die volheid en volgang van alles wat in die wêreld aangaan: laaste dae-tye; swaar tye; die mensdom is selfgerig, eiegeregtig, verwaand, geldgierig, beledigend; die kennis van die waarheid is in gedrang. Wolke van verwarring, met moeite om koers te kry en koers te hou.

Teen genoemde agtergrond praat Paulus met Timoteus oor die Woord. God se Woord, die heilige Skrif, die hele Skrif. Paulus verklaar as geïnspireerde Bybelskrywer dat die Skrif geïnspireerde woorde is. Elke teks, elke woord en versehoofstuk. Dis God wat gee, Hy wat praat, Hy wat sê.

Dis woorde uit God se mond met groot waarde vir die waarheid, woorde wat dwaling weerspreek, woorde wat verkeerde, krom dinge regmaak. Woorde wat lewensreëls gee om Godvresend te kan lewe. Die geïnspireerde Woord van God vir my as mens op aarde. En die Gees van God wat my inspireer en oortuig van elke Bybelwoord se waarheid.

Elke teks is my lewenstek. Die Woord en die Gees, en die Gees en die Woord. En ek as mensekind wat met die fakkelvlam van die helder lig van die woord kan lig opsteek in die soms donker dae en tye op aarde.

Ek weet die Woord is waar. Die Gees oortuig my, en ek is met die geïnspireerde Godsworde geïnspireerd op koers in die lewe. Die geïnspireerde Godstek as grondteks om die teks van die oomblik te kan toets en meet, om lofseggend te kan sê:

“U woord is soet gehul met wysheid,

Dit hou my op die regte pad.

Vol liefde peins ek daaroor altyd

Om dit ten volle te bevat.

Die wysheid wat ek daaruit haal,

Verhinder dat ek sal verdwaal ...” (Ps. 119:9, 2001-omdigting)

Sing: Psalm 119:39 (1936)

Dr. PW (Pieter) Heystek (Pretoria-Montanapoort)